NOTULE.

U.K. VERGADERING VAN DIE S.A.S.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN

OP 16 SEPTEMBER 1959.

B U I T E L A N D.

1. VERLOFTYE ELKE TWEE JAAR (i.p.v. elke 3 jaar) BRIEF SAAKG. 1/9/59)

   Die U.K. sien nie sy weg oop om vir die teenswoordige aan hierdie versoek te voldoen nie.

2. DS. S. DU T. SMUTS: Die vergadering neem met blydskap kennis dat Ds. Smuts die beroep na Vredefort bedank het en besluit verder i.v.m. sy aansoek. (Bylae A.)

3. FINANSIëLE POSISIE OPVOED. DEPT: Met dank is kennis geneem dat die finansiële posisie hier sodanig verbeter het.

4. DRUKPERS EN BOEKWINKEL: Die Konsep Reglement i.v.h. sal eersdaags gereed wees.

5. MNR. J.M. BADENHORST - SKULD: Die brief i.v.h. word goedgekeur.

6. C.J. KRUGER - AANSOEK LENING: Aan hierdie versoek kan nie voldoen word nie.

7. MNR. P.R. BOTHA: Hy is alreeds in die Unie en sterk mooi aan.

8. MNR. E. LÜFF: Sy bedanking met leedwese aanvaar.

Ds. J.J. Fourie sluit met gebed.